




BELANGRIK OM TE WEET:

Ek gaan die volgende buitengewone stelling maak:

Die mees belangrike aspek in bemarking van jou eiendom, is om te verstaan wat wie se verantwoordelikheid is, spesifiek ten opsigte van gebreke of die huis se toestand en unieke eienskappe.

Aan die een kant het jy die Verkoper wat sy eiendom VOETSTOOTS verkoop en aan die anderkant het jy die Koper, wat ingevolge die Gemenereg, 'n 3 jaar waarborg het teen verborge gebreke in 'n eiendom wat hy koop.



'n Kliënt het eendag aan my bevestig: - "Beplanning verlig spanning"

Moet dus nie bevrees wees nie – beplan deeglik en konsulteer wyd.

Gaan deur jou eiendom en maak jyself, op jou eie tyd 'n lys van elke gebrek / iets buitengewoon en klas dit in patent/latent (sien lys aangeheg), sodat jy doodseker is dat jy behoorlike openbarings maak tydens verkoop. Laat geen verrassings nie!